# JvR Alumni Vereniging - Voorsitter Nuusbrief - April 2022.

Beste Oudleerling,

**Inhoud:**

*Uit die kantoor van:*

1. JvR Alumni Vereniging Voorsitter, Rian Maartens
2. Alumni Nuusbrief vanaf Skoolhoof 1_2022
3. JvR Alumni Vereniging Sekretaris: Helena le Roux (sal apart Maandag gestuur word)

*Dokumentasie vir kennis en aksie:*

1. Notule JvR Alumni AJV 09 Maart 2022 (lees asb die tesourier verslag)
2. JvR Alumni Visie opsomming 2022
3. Trots JvR Alumni Uitnodiging - April 2022 (volg asb die skakel na die winkel)

*Skakels na "Jan van Riebeeck in sy eie woorde" nuusbriewe:*

1. Uitgawe 1 / Feb. 2022 – Des. 1651 en Jan. 1652 – vertrek van Amsterdam (Afrikaans / Engels)
2. Uitgawe 2 / Mrt. 2022 – Feb en Mrt 1652 – op die Drommedaris (Afrikaans / Engels)
3. Uitgawe 3 / Apr. 2022 – Apr. 1652 – aankoms in Kaapstad (Afrikaans / Engels)

**Hoogtepunte:**

1. Nuwe inisiatief van die JvR Alumni vereniging word goedgekeur: "Trots JvR Alumni" – almal word uitgenooi - lidmaatskap slegs R600 per jaar.
2. Groot projekte van ongeveer R100m word in nuwe 5 jaar plan begroting onthul deur die hoof Pieter Rademeyer.
3. Helena le Roux sal Maandag opsomming stuur van verlede jaar se interaksies en reünies asook waarna om uit te sien die komende jaar.

**<u>April 2022 nuusbrief:</u>**

Almal praat van die nuwe positiewe energie by die HS Jan van Riebeeck sedert 1 Maart verlede jaar toe Mnr Pieter Rademeyer oorgeneem het as hoof.

Ek was persoonlik daar toe die skoolsaal behoorlik geruk en rol het met twee vooraanstaande Afrikaanse kunstenaars wat onlangs by die skool opgetree het:

Spoegwolf - (sien hulle Youtube kanaal hier) met 35 700 intekenaars - en

Bottomless Coffee Band - (sien hulle Youtube kanaal hier) - met 3 750 intekenaars.

Daar is niks so lekker as om terug te kom by jou ou skool en trots te wees op wat jy daar sien nie. Vra maar vir Monika Burger wat laas Saterdag hulle 35 jarige reünie by die Welgemeend gehou het. Hulle 1987 groep het 'n donasie aan JvR Alumni Vereniging gegee en ons bedank hulle hartlik.

Pieter Rademeyer se idee dat alumni lede mentors kan wees vir senior leerlinge sal goed werk en Herman Hugo en ek het reeds met hom ontmoet daaroor. Sal jy oorweeg om een leerling vir 6 sessies van een uur elk op Zoom te kan mentor tussen April en Oktober 2022?

Stigtersdag, op 7 Mei die jaar by die Conradie veld, gaan iets besonders wees. JvR Alumni-lede beman die biertent en daar is sprake van 'n groot borg wat beteken alle JvR Alumni lede gaan verniet kan drink! Kom maak 'n draai en vertel jou lekker skoolstories.

Nou gaan ek al klaar stop want die nuutste data wys dat baie min mense lees in elk geval hierdie tipe nuusbriewe. Maar veels geluk as jy tot hier gekom het! Sien jou hopelik 7 Mei by die biertent. Die res is alles op die skakels hierbo.

Vriendelike JvR Alumni groete,

**Rian Maartens**
Voorsitter
JvR Alumni Vereniging

*Trotse oudleerlinge van Hoërskool Jan van Riebeeck*

Webwerf: www.jvralumni.co.za

Sel: +27 83 275 2488
Tel: +27 21 975 2617
Faks: +27 21 976 1205
E-pos: rian@ipicgroup.com